27.6 RAPPORT 6: DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – SAMEWERKING MET SUSTENTASIEDEPUTATE (Artt 110,112, 194)

27.6 REPORT 6: DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTERY – COOPERATION WITH SUSTENTATION DEPUTIES (Arts 110, 112, 194)

A. Dr G van Wyk stel die Rapport.
Dr G van Wyk tables the Report.

B. **Besluit: Neem kennis van die Rapport in die lig van die besluit by Beswaarskrif 27.8.**
Decision: Take note of the Report in light of the Decision in Petition of Protest 27.8.

C. **RAPPORT/ REPORT**

1. Opdrag Acta 2018:1101, 3.1 en 3.2. 3.1 Dat die Kerkgroei Deputate in samewerking met die betrokke Klassisse 'n werkswyse daarstel om te verseker dat kerke wat sustentasie van die kerkverband ontvang, gebruik maak van die dienste van die OBTB (Expando). 3.2 Dat hierdie werkswyse sou insluit dat die OBTB (Expando) by wyse van vorderingsverslae advies aan die Sustentasie Deputate sou gee vir hulle oorweging van Sustentasie aansoeke.	**1. Mandate** Acta 2018:1101, 3.1 and 3.2. 3.1 That the Church Growth Deputies, in collaboration with the involved Classes, develop a mechanism for ensuring that churches who receive sustenance from the churches also make use of the services of the OBTB (Expando). 3.2 That this mechanism would include that the OBTB (Expando) would give advice to the Sustentation Deputies by way of progress reports, for their consideration of Sustentation applications.
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take notes of**
2.1 Op 11 Oktober 2018 is die sameroepers van elke Klassis se finansiële kommissie ingelig van die opdrag en is hulle gevra om getalle deur te gee van die aantal kerke wat aansoek doen vir sustentasie sodat die skopus van die werk bepaal kon word.	2.1 On 11 October 2018 the convenors of each Classis's financial commission was informed of the mandate and was asked to give feedback of the number of churches applying for sustentation so that the scope of the work could be determined.
2.2 Meeste van die Klassisse het reageer en daar is uit die opname vasgestel dat 19 kerke sustentasie aansoeke gereeld indien. Die vermoede is dat hierdie getal eerder nader aan die 30 is.	2.2 Most of the Classes reacted and the survey has indicated that 19 churches usually apply for sustentation. It is suspected that this number is closer to 30.
2.3 Die Deputate het toe 'n werkswyse opgestel wat rekening hou met die Reglement van die Sustentasiefonds van die GKSA. Ook een wat nie die administratiewe las op die Klassis en sy finansiële kommissie groter maak nie maar die onus op die plaaslike kerk plaas.	2.3 The Deputies then compiled a proposal that takes into account the rules of the Sustentation fund of the GKSA and that does not increase the administrative burden on the Classis and its financial commission. The onus is placed on the local church to do what is needed as part of their application.
2.4 Op 20 Februarie 2019 is 'n skrywe aan elke Klassis gerig met die voorgestelde werkswyse (kyk Bylae A – ongepubliseerd). Daar is in die lig van	2.4 On 20 February 2019 a letter was addressed to each Classis with the proposal (see Addendum A). In light of the Synod mandate, it was requested

die Sinode-opdrag versoek dat elke Klassis ernstig oorweeg om die werkswyse te aanvaar, omdat die Kerkgroei Deputate baie moeilik met elke Klassis ‘n ander werkswyse kan volg. Die Klassisses is ook versoek om dr Van Rhyn by Expando in te lig van hulle besluit.	that each Classis seriously consider accepting the proposal. It will be impossible for the Church Growth deputies to work differently with every Classis in this regard. The classes were also requested to inform dr van Rhyn at Expando of their decision.
2.5 Een Klassis het terugvoer gegee dat hulle reeds ‘n bepaalde proses volg met leiers uit sekere van die kerke wat sustentasie ontvang, en dat hulle graag met daardie proses wil voortgaan.	2.5 One Classis gave feedback that they already follow a process with leaders from the churches that receive sustentation and that they would like to continue with that process.
2.6 Die Kerkgroei Deputate het geen ander terugvoer ontvang van ‘n Klassis wat ingestem het om op hierdie wyse saam te werk nie.	2.6 The Church Growth deputies received no other feedback from a Classis that agreed to adopt the proposal.
2.7 Die Kerkgroei Deputate het ook geen plaaslike kerk gehad wat vanweë hulle sustentasie aansoek proses by Expando ingeskakel het vir assesering en begeleiding nie.	2.7 The Church Growth deputies also had no local church that turned to Expando for assessment and guidance as part of their sustentation application process.
3. Aanbevelings	**3. Recommendation**
3.1 Dat die voorgestelde werkswyse soos in die skrywe aan die Klassisse van 20 Februarie 2019 in die Reglement van die Sustentasiefonds opgeneem word as vereistes voordat sustentasie aansoeke oorweeg kan word.	3.1 That the proposed method as mentioned in the letter to the Classes of 20 February 2019 be incorporated into the rules of the Sustentation fund as requirements before sustentation applications can be considered.
3.2 Dat 3.1 uitgevoer word deur die betrokke Deputate wat met die Sustetasie Reglement gemoeid is.	3.2 That 3.1 be carried out by the relevant Deputies appointed to work with the Sustentation rules.